






Die



VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 4 APRIL 1945.

No. 19.

H.N.P.-LEIDING SKRIK VIR EIE DWALING

Werf O.B.-Lede Wat Staan Uitgeskop te Word

Volgens berigte wat Die O.B. ontvang het oor die jongste stappe wat deur die H.N.P.-leiding gedoen word, blyk duidelik dat dr. Malan sy party in 'n posisie vasgewoel het waaruit die party hom met senuagtige haas probeer los-wikkel. Organiseerders, ampsdraers en ander vooraanstaande partymanne in Kaapland is besig met 'n intensiewe huis-besoek by offisiere en lede van die Ossewabrandwag, in 'n poging om hierdie manne en vroue te oortuig om tog asse-blief nie uit die H.N. Party te bedank nie! Dit ten spyte van die partyleier se uitskopstelsel!

Toe die partyleier, dr. Malan, in Augustus 1944, na die aanranding op mnr. Frans Mentz, L.V., die O.B. van die wandaad beskuldig en dien-ooreenkomstig sy banvloek oor die Volksbeweging uitgespreek het, het hy sonder enige grond onder sy voete 'n gewaagde stelling ingeneem. En toe hy boonop nog by sy partybestuur aanbeveel het om alle O.B.-lede uit hul takke te skop, het hy sy hele party gekompromitteer. Nadat die hoifbeslissing bewys het dat die O.B. met die aanranding niks te doen ge-had het nie, het die voorbarige stap van dr. Malan 'n lelike betekenis vir sy party gekry.

TE LAAT

Maar die koeël was deur die kerk. Dr. Malan moes of homself repudieer of voortgaan met sy onbesonnenheid. Hy het die laaste verkies, en sy eie Kaapland uitgesoek om die uitskop-bevel van stapel te stuur.

Dr. Malan het hierdie eerste dwaling van hom vererger met 'n tweede groter een toe hy die uitnodiging van die O.B. om saam te werk in 'n volksfront, in 'n bui van kinderagtige isegrimmigheid verwerp het.

In 'n poging om hierdie dwalings van die partyleiding te korrigeer, doen partymanne nou huishesoek by (Vervolg op bls. 2, kol. 2)

O.B. Bring Nuwigheid Op Politiek-gebied

BEROEPE SAL OPGENEEM WORD IN PARLEMENTÊRE VOLKSFRONT

Die Ossewabrandwag gaan iets heeltemal nuuts op die gebied van die politiek bring. Die uitnodiging van dr. Van Rensburg aan die leiers van sekere politieke groepe kort gelede was die eerste stap om 'n nuwe gedagte in ons poli-tieke lewe te dra, die gedagte naamlik van 'n meer natuurlike verteenwoordiging in die parlement — solank die parlement staan — in plek van die huidige kunsmatige party-verteen-woordiging. Dit sal beskou word as 'n oorgangstadium in die huidige stelsel na die nuwe staat wat die Ossewabrandwag gaan bring.

In 'n onderhoud het die Kommandant-generaal verklaar dat na die verwerping deur dr. Malan van die O.B. se uitnodiging tot die skepping van 'n volksfront, die H.N.P.-leiding hom met oop oë afgeskei het van hierdie ontwikkeling. Die Ossewabrandwag gaan voort met die vorming van 'n dergelike front waarby nie net politieke groepe sal toetree nie, maar ook o.a. beroepsorgani-sasies wat bereid is om so 'n breë grondslag te aanvaar. Dit spreek vanself dat daar 'n verhouding tussen dergelike same-werkende elemente sal groei wat deur die O.B. gerespekteer sal word, het die K.G. gesê. Indien dr. Malan by 'n latere geleentheid sy verkeerde koers wil verlaat — soos hy genoodsaak sal word om te doen, vroeër of later — staan die deure vir hom oop binne hierdie ontwikkeling, maar dan sal hy hom moet neerlê by wat reeds gevestig is, terwyl, as hy die O.B.-uitnodiging aanvaar het om samesprekings te hou, hy mede-seggenskap sou gehad het in die toekomstige beleidsbepaling.

Die K.G. het beklemtoon dat die Ossewabrandwag met sy volksfront voortgaan en hom ook buite die tradisionele politieke gebied gaan begeef deur ook die samewerking te verkry van be-roepsorganisasies en ander natuurlike en blywende belange-orga-nisasies. Die grondslag waarop hierdie ontwikkeling gaan plaas vind is: (1) 'n Vrye Suid-Afrika; (2) die afwerping van kommu-nisme veral (3) deur die uitskakeling van sy oorsaak, nl. die uitbuitende kapitalisme; (4) die beveiliging van 'n blanke Suid-Afrika, met verteenwoordiging van natuurlike en blywende volks-belange in teenstelling met die kunsmatige party-belange.

SLAGOFFERS DANK NOODHULPFONDS

'n Slagoffer van die Empire se in-terneringswoede skryf:

„Hiermee wil ek die Noodhulpfonds van harte bedank vir die gereelde toe-lae wat my vrou en kind ontvang het.

„As lid van die Organisasie kyk ek vandag met trots na my Beweging en my leier, dr. Hans van Rensburg.

„U kan die toelae nou maar staak. Ek het gelukkig weer werk gekry.”

(Om veiligheidsredes word die naam liewer weggelaat).

Mnr. J. L. C. Trichardt van Rusten-burg skryf:

„Nog nooit gedurende die boer se bestaan het politieke slagoffers die voorreg gehad om 'n Volksorganisasie of party vir Noodhulp te bedank nie. Daarom is dit vir my en my gesin so 'n groot eer om aan die O.B. te se:

Ons innige dank en waardering vir die liefde, vriendelike en hulp ty-dens my byna driejarige gevangen-skap in tronke en die internerings-kamp. Ons kan getuig van die krag van 'n kragtige organisasie wat stre-we om sy pragtige leuse „My God, My Volk, My Land Suid Afrika” en sy slagspreuk „Een vir almal en al-mal vir Elkeen” uit te lewe en nie uit te preek nie.

„Mag ons Almagtige God gee dat die bande van vriendskap, broeder-skap en kameraadskap wat gebind is nie ontbind sal word nie maar dat die ketting met kragtige skakels sal groei tot 'n magtige eenheid wat gefondeer is in ons Vaderlandsbodem — Suid-Afrika.”



A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafssteenmakers,
Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

ALGEMENE HANDELAAR
OR
PRODUKTE KOPER
S. J. KRYNAUW
VIR

Kruidentiersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 88 Bus 86

BEAUFORT-WES.

SCHOEMANELLO DRANK...
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

	Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kassie.	Per Gelling in van 15 tot 5 gels. of meer.
WYNE:		
Fonkelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/9	—
Vermouth	3/-	—
Hanekraal — Cocktail	4/-	—

SOET WYNE:		
Likewyn en Ou Port	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne	2/6	—
Port, Rood Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Jeripigo, Rood en Wit	1/9	8/6
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6

SJERRIES:		
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet),	2/9	—
Goue (Soet)	2/6	10/-
Speziale (Soeterig)	1/4	7/3
Sjerris (Soeterig)	1/5	6/9

DEOE WYNE:		
Burgundy	1/9	—
Claret en Wit Droë	1/8	—

BRANDWYNE:		
Super de Luxe	8/6	—
De Luxe	7/6	39/-
Eksstra Spezial	7/-	37/-
F.C.	6/8	36/-
Buchu	7/6	—

JENEWER	7/6	—
LIKEURS:		
Creme de Cacao	7/6	—
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Plesang, Pereke, Appelkoes Naeltjie	7/-	—
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment	6/8	34/-

JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen en Suurlemoen	7/6	—

5% of 1/- per 2 afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 15/- vir vastjie wat vergoed sal word by terug-sending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne seslig dae na ons terug besoeg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kassies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kassies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kassies of 5-geltingvaatjies of groter. U kassies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likewyn, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus trengeld na sylyne, K.B.A. plus trengeldkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere. - -

VAN ZYLS
DIE KLEREMAKERS
DIE PAARL

Alombekend vir hul opregte en billike behandeling
Skryf om maatvorms.

Sware Offers Kenmerk Van Werklike Stryd

Voortrekkers Moes Veg Teen Selfde Vooroordele as O.B.

„Omdat ons 'n werklike stryd voer wat sy ware offers eis en omdat ons so gehaat word deur ons vyande, weet ons dat die oorwinning aan ons behoort,” het gebiedsgenl. C. L. de Jager, van die Vrystaat, by geleentheid van 'n vergadering op Maitland gesê toe hy saam met die Adjunk-Kommandant-generaal opgetree het.

Genl. De Jager het aangetoon hoe daar in 'n werklike stryd steeds lyding en bittere teenstand is. Dit was ook so in die geval van Christus wat 'n stryd moes voer om verlossing

H.N.P.-LEIDING SKRIK...

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

O.B.-lede ten einde by hulle weg te lê om tog nie die H.N.P. te bedank nie. Hierdie stap van vooraanstaande partymanne onderstreep die juistheid van die O.B.-standpunt, nl. dat die H.N.P. tot niks in staat is sonder die hulp van die O.B. nie.

VERKEERDE DEUR

Hierdie huisbesoekers klop egter by die verkeerde deur aan. Hulle moet nie O.B.-lede vir samewerking gaan vra nie. Dit moet hulle vir hulle eie leier, dr. Malan, gaan vra.

Ons verstaan dat sommige huisbesoekers by O.B.-lede soebad om tog maar die O.B. te bedank en by die H.N.P. aan te sluit, omdat.....aldus dan eenheid verkry sal word. Dis 'n verspote en dwase versoek.

Eers gee die partyleiding bevel om alle O.B.-lede uit die party te skop. Nou word die uitgeskoptes weer gesoebad om lid te word van die party. Dis 'n erkenning deur die partyleiding (i) dat sy optrede, om O.B.-lede uit te skop en alle samewerking met die O.B. te weier, verkeerd is en (ii) dat hy te lafhartig is om dit ruiterlik te erken.

Om te dink dat Afrikanereenheid deur 'n Party bewerkstellig kan word is 'n dwase gedagte. 'n Party, soos sy naam aandui, sluit net 'n deel van die volk in. Die ander sluit by uit. Eenheid kan alleen verkry word deur 'n volksbeweging of deur middel van 'n volksfront.

Die H.N. Party in Kaapland moet onthou dat as hy nie oorlog teen die O.B. verklaar het nie, en nie O.B.-lede uitgeskop het nie, hy nie nodig sou gehad het om vandag huisbesoek by O.B.-lede te doen nie. Hierdie een daad van hom veroordeel sy hele vroeëre optrede.

Die O.B. gaan aan met die stigting van 'n Volksfront wat vir alle Afrikaners 'n tuiste sal wees. Die deure van hierdie front staan wyd-oop vir alle lede van die H.N.P. Hulle is nie uitgesluit van die volksfront omdat hulle leiers geweier het om toe te tree nie. Intendeel.

As H.N.P.-lede samewerking soek met die O.B.-lede kan hulle dit prakties bewys doen toe te tree tot die Volksfront.

van sondaars. Hy is bitterlik teengegaan deur die Fariseërs wat vasgekleem het aan die oue en vir die behoud daarvan geveg het. Dit geld ook in die geval van volke wie se ontwaking altyd gepaard gaan met stryd en lyding en dikwels bloed. Ons voorouers het tydens die Groot Trek ook sware offers gebring. Hulle is uitgejou deur hul volksgenote wat agter gebly het en selfs die georganiseerde kerk van destyds het hul optrede afgekeur en geweier om hulle te bedien. Hulle is deur hul eie mense uitgemaak vir bandeloses en ongehoorsames. Nogtans was die honderjarige herdenking van hierdie mense die grootste fees van Kaapland tot in Transvaal wat Suid-Afrika nog ooit beleef het. Dit is omdat hierdie voorouers van ons die werklike stryd gevoer het wat die grootpad is waarop die Ossewabrandwag vandag staan. Hulle opofferings was die waarborg van hul uiteindelijke oorwinning.

Ook die Ossewabrandwag ondergaan vandag dieselfde stryd en lyding. Omdat ook ons wegstry van die Empire en ons bereidwilligheid toon om te offer, weet ons dat ons op die grootpad staan. Die haat van ons vyande is 'n verdere waarborg vir ons oorwinning, want hulle besef ons krag — vandaar die haat.

In hierdie stryd het die Ossewa-

UITHEEMS

In die Suid-Afrikaanse Republiek was politieke partye deur middel van wetgewing verbied. Partye is dus 'n onafrikaanse en uithemse skepping. Nogtans weier dr. Malan samewerking met die O.B. omdat die O.B. die Britse partystelsel wil vervang deur 'n stelsel van volksregering. Die Ossewabrandwag wil voortbou op die ou Boere-stelsel, waarin daar geen plek vir partye was nie.

brandwag sy offers in kamp en tronk gebring. Maar nie net hulle wat gevang was, het geoffer nie; ook daardie lede van die Beweging daarbuite wat geld ingesamel het vir die versorging van hul makkers het geoffer. In moeilike omstandighede is meer as £70,000 ingesamel vir noodhulp. Deur middel van die O.B.-kanale is die administrasiekoste hieraan verbonde so laag gehou dat waar in geval van ander fondse gewoonlik een-derde van die fonds vir administrasiekoste gaan, die O.B.-Noodhulpfonds slegs eenveertigste daaraan bestee het. In geld gereken beteken dit dat die O.B. inderdaad deur hierdie besparing 'n verdere £20,000 bygedra het. Behalwe hierdie bydrae is daar nog professionele dienste deur O.B.-gesinde dokters en regsgeleerdes gratis gelever wat te staan kom op ongeveer £15,000. Deur sy noodhulp-poging het die O.B. dus ver oor die £100,000 gelewer aan versorging van mede-Afrikaners. Dit kan as 'n prestasie vergelyk word met die Helpmekaar-fonds van die vorige oorlog wat onder leiding van pres. Steyn en met die hele volk agter hom £250,000 opgelewer het.

Ons is bly dat ons hierdie opofferings kon doen vir ons volk in 'n tyd toe ander volksgenote 'n lekker-lui-stryd wou voer, want daardeur weet ons dat ons stryd die werklike is. Daar is soveel dinge wat die O.B. aanpak en so baie terreine waarop hy die stryd vir die volk voer. Ons moet net ons posisie tans hou, want die reserwes is aan die kom. Nog net 'n klein tydjie van swaarkry lê voor en daarna binne enkele jare gaan die Ossewabrandwag seëvier, het genl. De Jager ten slotte gesê.

Sou Republikeinse Wet Probeer Ontduik Het TEN EINDE PARTYE TE STIG — SÊ DIE BURGER

Katswink geslaan deur die harde antwoord wat die Transvaalse Volksraad in 1893 gegee het op Die Burger se vraag hoe die O.B. die vorming van partye wil voorkom anders as deur 'n diktatuur, het Die Burger in sy bedwelmeling die verspotste verweer aangegryp wat 'n mens jou kan voorstel.

Die O.B. van verlede week het 'n Republikeinse wetsbepaling (art. 9 van Wet No. 14 van 1893) gepubliseer om aan te toon hoe die Transvaalse Volksraad in daardie jaar die vorming van partye verbied het. 'N PARTY, OF SOOS HULLE DIT TOE GENOEM HET „VERKIEZINGS-COMITÉ”, MAG NÔG IN 'N VERKIESING NÔG OP 'N VERGADERING OPGETREE HET!

Hoor nou wat sê Die Burger! Woordeliks lui dit:

„Nie alleen sou dit baie maklik gewees het om daardie bepaling, soos bewoerd, te ontduik nie, maar dit het die Volksraad voikome vry gestaan om die bepaling te eniger tyd te herroep”.

Hierdie bepaling kon nie die vorming van partye voorkom het nie, so redeneer die blad, want die partykramers sou tog later 'n metode bedink het om die wet te ontduik! En as die wet te moeilik was om ontduik te word, dan het dit „die Volksraad volkome vrygestaan om die bepaling te eniger tyd te herroep”. (!)

Verbeel jou! Die Transvaalse Volksraad, wat hul land wou red van die party-pes, sou oogluikend toegesien het hoe die wet ontduik word — indien dit moontlik was. Maar wat meer is: die Volksraad sou self die wet herroep het teneinde dr. Malan en sy party-genote die geleentheid te bied om die Boere-volksregering te vervang deur 'n Britse parlementêre partystelsel!

Maar hulle het dan eerder met Engeland 'n drie-jarige worsteling aangedurf teneinde hulself te beskerm teen hierdie gevaar! Waarom sou hulle gratis aan dr. Malan gegee het wat hulle met hul lewe teen Engeland verdedig het?

NET TWEE WEË OOP VIR S.A. WAT RASSEBELEID BETREF

In onderstaande artikel behandel prof. L. J. du Plessis, leier van die O.B. se Ekonomiese Front, die netelige vraagstuk van ons rassebeleid. Hy toon aan dat daar net twee weë oop is: handhawing van die blanke en Christelike beskawing, waarvoor alleen die Ossewabrandwag se gesagstaat opgewasse sal wees, of verkaffering van geheel Afrika as eindresultaat van demokratiese niksdoen.

Ons rassebeleid dek die hele terrein uit een en dieselfde beginsel naamlik dat God die mensheid uit een bloed geskep het, maar dat hy ook die rasse en die nasies in die geskiedenis laat uitmekaargaan het. Ons glo dus nie dat die rasse absoluut van mekaar afgeskei is nie: die mensheid is een en in Christus word dié eenheid weer herstel. Tot 'n mate kan rasse selfs sonder veel gevaar in mekaar vloei, soos dikwels gebeur het. Maar aan die ander kant glo ons beslis dat die onderskeiding in nasies en rasse van Goddelike herkoms is, dat dit dus so veel moontlik geëerbiedig moet word, ook terwille van die gesonde ontwikkeling van die menslike kultuur, en die verbreding van die Christendom, veral wat betref die verskil tussen die blanke en gekleurde rasse.

Die vernaamste raskwessie in Suid-Afrika is die natuurlike-kwessie en volgens die behandeling hiervan word ons deur die wêreld beoordeel. Nou is dit nie aan twyfel onderhewig nie dat die eerste vereiste tot oplossing hiervan is opheffing van die natuurlike-bevolking tot 'n hoër beskawingspeil en tot die Christelike ge-

Almal Verknoei

Dr. Malan wil die natuurle-vraagstuk uit die partypolitiek hou omdat dit deur die partypolitiek verknoei word.

Die Ossewabrandwag wil alle vraagstukke uit die partypolitiek hou omdat alle vraagstukke deur die partypolitiek verknoei word.

loof. Hieroor is daar seker weinig verskil en dit was ook van die begin af die standpunt van ons nasie. Dit is ook duidelik dat sogenaamde kleurslagbome hierdie opheffing belemmer, d.w.s. dié reëlinge waardeur natuurle verhoed word om hoër as 'n sekere sport te klim. Ons wil selfs erken dat daar geen slagboom in opwaartse rigting behoort te wees nie.

DIE ANDERKANT

Maar nou is daar 'n ander kant aan die saak waaraan uitheemse en ander liberalistiese negroliste geen aandag gee nie. Dit is naamlik dat in ons omstandighede die ongekontroleerde opheffing van die natuurle moet lei tot gelykstelling en dus uiteindelik oorheersing deur die natuurle-dom en tot rassevermenging met al sy onberekenbare ellendes, wat ook op die natuurle self met volle gewig sal neerkom. 'Hulle hou nie rekening daarmee dat ons nie die gevolge van so 'n beleid na 'n ander wêrelddeel kan ontvlug nie, en dat geen ander blanke gemeenskap in die wêreld in hierdie verband in dieselfde moeilike posisie as ons verkeer nie.

Genl. Smuts skyn dit wel volgens sy jongste uittalinge te besef, maar op sy gewone trant reken hy dat sake somar self sal regkom. Ander liberaliste begin nou blykbaar die konsekwensies insien, maar skyn gewillig om hulle daarby neer te lê, wat ons as Afrikaners met ons sware roeping om Afrika te wen vir die Christelike beskawing (wat o.a. handhawing van blanke rassuiverheid vereis), seker nie kan doen nie. Prof.

Burrows laat b.v. in sy jongste geskrif oor „The Development of Southern Africa” die ou liberale leuse van immigrasie vaar en verwag die ontwikkeling van Afrika hoofsaaklik van opheffing van die natuurle. Hy aanvaar dus die konsekwensie dat Afrika ten slotte maar 'n swartmansland moet bly. Dit kan ons nie doen nie. Hieroor is die meeste blankes in Afrika dit eens. Maar blote teorie help nie, die daad moet by die woord gevoeg word. En hiervoor maak alleen die Ossewabrandwag se beleid voor-siening.

ONS BELEID

Dit kom kortliks hierop neer dat die blanke beskawing in Afrika alleen verseker kan word op die volgende voorwaardes:

1. Die natuurle moet reg behandel word; d.w.s. hulle moet deur ons gelei word om 'n eie beskaafde Christelike nasionale natuurle-gemeenskapslewe te ontwikkel met geen slagboom na boontoe nie, behalwe dat die opperbestuur nog vir onafsienbare tyd by die blankes moet berus. Dit vereis dat die verskillende stamme woonplekke moet hê wat groot genoeg sal wees en voldoende in alle opsigte ontwikkel moet word deur hul eie kragte, om daar werklik 'n gesonde nasionale gemeenskapslewe moontlik te maak. Ekonomies moet die ontwikkeling eerder aanvullend bly as konkur-rend met die blanke ekonomie wees.
2. Die blankes moet beskerm word teen natuurle-indringing en geleidelik in staat gestel word om 'n volle nasionale en sosiale samelewing uit eie kragte op te bou van die onderste arbeidspoor tot bo uit. Alleen 'n volk wat al sy werk self doen, kan gesond en sterk ontwikkel. Dit is 'n onver-biddelike wet van God en die natuur, hoewel o.a. dr. Malan hom hierteen verset het. Dit moet verseker word deur geleidelike uitskuiwing van die natuurle uit die blanke gebied, deur bevordering van die aanwas en arbeidskolling van die blankes, ook deur behoorlike lone selfs in die eëlvoudigste werk, en deur verstandig gere-guleerde immigrasie wat nie ons ekon-omie en nasionaliteit in gevaar sal stel nie.

VOORLOPIG

3. Om die oorgang sowel vir natu-relle as blankes te vergemaklik moet egter natuurle-arbeid in die blanke gebied vereers nog toegelaat word, maar onder behoorlike beheer en met geleidelike vermindering. En van die begin af moet hierby duidelik verstaan word dat die natuurle se posisie in die blanke gebied definitief 'n tydelike is; hulle sal daar dien slegs as tydelike en verdwynende hulpkrigte. Waarskynlik die laaste werkkragte waaruit hulle verwyder sal kan word, is dié van mynwee en landbou, maar hier is dit ook nie so dringend nodig om die uitskeiding gou te bewerkstellig nie. Maar uiteindelik moet dit deurgevoer word. Op geen ander manier kan ons arm-blankedom beëindig word en ons wel-vaart vergelykbaar word met dié van Noord-Amerika en Australië en ons volks- en rasbestaan verseker word. In hierdie opsig moet Suid-Oos-Afrika 'n ander beleid volg as Noord-Wes-Afrika, omdat eersgenoemde 'n moontlike witmansland is en laasgenoemde waarskynlik nie.

DIE MIDDEL

4. Om die behoorlike en suksesvolle deurvoering van hierdie beleid te verseker is nodig dat 'n kragtige gesagstaat gevestig word wat nie heen-en-weer geswaai sal word deur de-

mokratiese grille en wisselvallighede nie. Verder is dit nodig dat ook met die oog daarop Europa en Amerika beïnvloed word om van inmenging met natuurle-beleid in ho aangeduide witmansland heeltemal af te sien, op voorwaarde dat ons die natuurle in hul eie gebiede behoorlik tot volle ontwikkeling lei.

Tot dit alles is die Ossewabrandwag bereid, met volle inagneming van die geweldige verantwoordelikeit. Dit is die vervesenliking van die Voortrekkersbeleid wat alleen Afrika kan wen vir die Christelike beskawing en sy volle ontwikkeling kan verseker. Daarom is dit ook in belang van die hele Afrika en van die Westerse wêreld dat die Afrikanerdom tot volle selfstandige ontwikkeling in Afrika sal kom. Want alleen die Afrikanerdom is die draer van die beginsel wat aan hierdie beleid ten grondslag lê, die beginsel naamlik van die Afrikaanse Calvinisme.

Die tweede dringende rasseprobleem, wat eintlik 'n nasionale probleem is, is dié van die Engelssprekende Suid-Afrikaners. Die oplossing daarvan is egter maklik as die „Empire”-band eers geknip is. Dit kom kortliks neer op gelyke regte vir hulle tot dié hulle ingelyf is vir die Afrikanerdom van die toekomst. Daar is ook inderdaad geen ander moontlikheid nie. Want selfs 'n volle tweetaligheidsbeleid sal die Afrikanerdom nie meer oplos in die Angelsaksiese nasionaliteit nie; die uitwerking sal eerder die omgekeerde wees.

Die derde en die vierde rasseprobleme van belang is dié van die kleurlinge en dié van die Asië, waaronder veral val die Indiërs en die Jode. Hieroor is daar nou nie ruimte om te handel nie. Laat dit genoeg wees om voorlopig net kortliks vas te stel dat die kleurlinge blykbaar bestem is om 'n buffer (en nie 'n brug nie) te vorm tussen die blankes en die natuurle, en dat die Asië wesenlik beskou moet word as 'n tydelike indringing vanuit Asië waar hulle permanente bestemming geleë is. Laasgenoemde gesigspunt werp egter internasionale vraagstukke op wat hiewer apart behandel moet word.

GREYTOWN VERLOOR KOMMANDANTE

Nadat Die O.B. berig het van die siekbed van komdte. Annie Vermaak van Greytown, is berig ontvang van haar heengaan na 'n lyding van enige weke wat met die grootste geduld en moed gedra is.

Die oorledene het dag en nag gewer vir die Beweging en het geen opoffering te groot geag nie. Haar heengaan is 'n onherstelbare verlies vir die kommando, wat hulde bring aan haar nagedagtenis en medelye betuig met die agterblywendes van haar gesin.

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste ciendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik.

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk

Posbus 46, Foon 62-1764. M A R A I S B U R G.

£1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

D U W A S

Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.

'n Spesialiteit so Voorskryf vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof. Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760). MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).

MOREMARK PRETORIA

BOERE! vir die beste dienste, stuur u produkte, eiers, en lewendehawe, aan ons vriende

PRINSLOO & VENTER

WELGEMOEDGEBOU

Bus 361 Telefoon 2-2208

P R E T O R I A

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266

WORCESTER:— Posbus 57

KAAPSTAD:— Posbus 2387

SPRINGBOK MEUBELS

Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

Victoriaweg 171

WOODSTOCK.

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.

Foon 929.

PAS VERSKYN

MIKRO

• Die Geheimsinnige M9

6/10 posvry.

'n Speurroman.

• Die Skerm Sak

deur R. Meiring

4/- posvry.

• Mense wat Drink

deur A. S. Roux en prof. dr.

W. A. Willemse

7/10 posvry.

• Die Skool op Lewenslus

deur Adam Knaupp

7/4 posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29, STELLENBOSCH

Die O.B., WOENSDAG, 4 APRIL 1945.

DEMOKRATIESE VERSNIPPERING

Min. Harry Lawrence se ontdekking verlede week dat die munisipaliteite op hul aansprake sit en broei sonder om die goedere te lewer, sover dit behuising betref, werp nou 'n amptelike lig op 'n onmoontlike toestand van demokratiese wanbestuur wat Die O.B. lankal aan die kaak gestel het. In die bepleiting van 'n nuwe eenheidstaat het ons herhaaldelik beklemtoon dat die volksbelange skromelik uitgelewer is aan 'n veelheid klein-belange wat elk sy deeltjie met die grootste naywer vasklem tot skade van die volk en land.

Dit is so waar van ons gesondheidsdienste dat selfs 'n staatskommissie se verontwaardiging ontbrand het oor die onhoudbare versnippering. Die hospitale staan onder die gesag van die sentrale regering, provinsiale administrasies, plaaslike besture, hospitaalarade, private ondernemings en selfs mynmaatskappye. En die prys wat die volk vir hierdie demokratiese chaos moet betaal, is sy lewe. „Baie vroeg in ons ondersoek het ons ontdek dat die gesondheid van Suid-Afrika in 'n ontsettende toestand is,” het een van die kommissieleden verklaar.

BEHUISING

Daar is baie voorbeelde voor die hand van die noodlottige gevolge van ons huidige regeringstelsel, maar ons bepaal ons net by die wat reeds deur die regering self erken word. Die tweede is die van behuising. 'n Paar maande gelede het die voorsitter van die Kaapstadse behuisingmaatskappy twee oorsake genoem vir die misdadige tekort aan huise in die land. Die een is die vertraging deur die beheer van boumateriaal en die ander die verdeling van gesag tussen die sentrale regering, die provinsies, stadsrade en private maatskappye. En so is dit ook. Elkeen het 'n plan en elkeen moet erken word. Besluit die regering om 30,000 binne twaalf maande te bou, soos min. Lawrence ruim twee jaar gelede al bekend gemaak het, dan gebeur dit dat na tien maande aangekondig kan word dat die verskillende belange nou eindelijk met hul samesprekings so ver gevorderd het, dat met die planne 'n aanvang geneem kan word; en na nog tien maande moet die regering dreig om drasties in te gryp omdat die ooreenkomste deur die ander gesagdraers eenvoudig nie uitgevoer is nie. En hierdie belange weer verwyf die regering dat hy nie materiaal en arbeidskragte vrystel nie.

Die volk is al sat vir hierdie demokratiese praatbewind — alles blyk net woorde te wees: konferensies, beloftes, verwyte en tans ook dreigemente. En as daar tot 'n oplossing in hierdie opsig oorgegaan sou word, soos die regering dreig, dan sal dit net wees om deur middel van noodregulasie 'n einde te maak aan die demokratiese indeling van die land, wat beteken 'n erkenning van die O.B. se beleid.

Die hele demokratiese stelsel in ons land moet opgedoek en vervang word deur 'n eenheidstaat wat ingedeel sal word volgens die natuurlike gemeenskapsbelange in plaas van willekeurige gebiedsgrense en — wat nog erger is — kunsmatige party-verdeling.

Soldaat Gee Redes Waarom Hy O.B. Kies

„Terug uit die Bundu” skryf: Met verwysing na die skrywe in Die O.B. van 'n oud-soldaat en andere, wil ek ook graag 'n woordjie byvoeg. Ek is 'n gewese offisier van die Unie-Verdedigingsmag en het aktiewe diens gedoen aan twee fronte in die huidige oorlog.

Terwyl ons in die buiteland was het ek en ander soldate meer en meer onder die indruk gekom dat dit beter is om ons probleme by die huis op te los, in plaas van in die buiteland te gaan inmeng met die probleme van vreemde volke, wat in die mees- te gevalle — b.v. Griekeland — jou dit meer verwyf as waardeer. Kortliks — ons het gevind dat terwyl ons ons heil in die buiteland gaan soek het, ons dit in werklikheid tuisgelaat het.

Vandag is ek Ossewabrandwag. Nou sal gevra word waarom? Die redes daarvoor is as volg:

(1) Dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-generaal van die Osse-

wabrandwag is 'n man wat my dadelik getrek het. Sy houding en lewensbeskouing is die van 'n soldaat, sy toesprake is waaragtige voorligting en hy besit instink en deursigtigheid, m.a.w. die eienskappe van 'n leier.

(2) Die Ossewabrandwag is op die ou tradisionele kommandostelsel geskoei, maar nie net uit sentiment nie. In die abnormale en revolusionêre dae wat voorlê, gaan alleen 'n militêr-ingedeelde groep kans kry om te bestaan.

(3) 'n Militêr-aangelegde persoon kan alleen in die Ossewabrandwag sy normale ontwikkeling uitleef.

(4) Ek was H.N.P. maar moes hulle verlaat omdat hulle die volk vir party-politieke doeleindes uitmekaar geskeur het. Nou is ons goed genoeg vir hulle vuilwerk, maar destyds ongewens. Die H.N.P. sal nooit enige gesag kan uitoefen nie, al kom hulle ook aan bewind. Die mense wat dit vir hulle kon gedoen het, sit vandag in die Ossewabrandwag.

Tenslotte wil ek net noem dat ek myself aangetrokke gevoel het tot die Brandwagte as persone en ook die ideale wat hulle nastreef. Die gevolg was dat hoe meer ek van die O.B. geweet het, des te meer ek dit van selfsprekend beskou het dat ek binne die Beweging tuishoort.

'n Amerikaner se Getuienis oor die Russiese Bondgenoot

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Terwyl die oorlog in Europa waarskynlik vinnig sy einde nader, is daar 'n ander oorlog, 'n oorlog met woorde, 'n stryd tussen botsende ideologie, 'n stryd om die magposisie in die wêreld en dit wel onder bondgenote, aan die gang. Hoewel 'n mens op die oomblik net kan spekuleer oor die toekomstige moontlikhede van hierdie onenigheid onder bondgenote, sal alleen die propagandis en die wensdenker vandag hierdie onenigheid probeer wegdeneer. Hy is daar en orals en te alle tye steek hy sy kop uit.

In die somer van 1944 het 'n bekende Amerikaanse oorlogskorrespondent, William L. White, 'n ses-weekse besoek aan die Sowjet-Unie afgelê. Hierdie besoek het hy afgelê in geselskap van 'n vooraanstaande Amerikaner, Eric A. Johnston, voorsitter van die Kamer van Handel van die Verenigde State. In „The Reader's Digest”, 'n bekende Amerikaanse maandblad, het White sy bevindings geboekstaaf. In die Februarie-nummer van Reader's Digest verstrekk die Amerikaanse joernalis ons enige besonderhede oor die nuwe Rusland wat aangehaal verdien te word. Vir diegene onder ons wat nog onthou hoe manne soos Winston Churchill en Jan Smuts die Bolsjewiste voor 1940 veroordeel het, sal White se gegewens oor Rusland niks nuuts bied nie; vir andere wat vandag saam met Churchill en Smuts glo dat die Rusland van 1945 nie langer die Rusland van vroeër is nie, sal die getuienis van White 'n openbaring en 'n ontugtering wees.

Volgens White is die politieke sensuur van Rusland die strengste in die hele beskaafde wêreld. Soets as 'n „vrye pers” wat een van die noodsaaklikste bestanddele van die demokrasie sou wees, is in Rusland wat vir die demokrasie sou veg, totaal onbekend. Hierdie sensuur sluit alles uit wat op die buitewêreld 'n ongunstige indruk van Russiese toestande kan maak. Vir die buitewêreld is die nuwe Rusland dus 'n geslote boek.

Wat die militêre mag van Rusland betref, gee White toe dat die Rooi Leër goed is, dat die Russe goeie soldate is, goed gedissiplineer en goed gelei. Vir hom egter is dit nie die weerstand van die Rooi Leër teen die Duitsers wat 'n „wonderwerk” is nie, maar wel die feit dat die Duitsers in staat was om so diep binne Rusland deur te dring. Die twee miljoen Russiese seuns wat jaarliks die ouderdom van 18 jaar bereik, teenoor die halwe miljoen Duitse seuns, is vir hom die geheim van die Russiese suksesse. Oor die tegniese toerusting van die Rooi Leër is sy oordeel ongunstig. Sonder Amerikaanse vliegtuie, „jeeps” en vragmotors sou die Rooi Leër nog in die „bodemlose modder” van Suid-Rusland vasgesteek het. Die gewone Rus sou niks weet van die omvang van Amerikaanse hulp nie en gevolglik ook erg ondankebaar teenoor sy bondgenote wees.

JOERNALIS WHITE IS KRITIES

Joernalis White is veral krities teenoor Moskou se finansiële huishouding en die beleid van die Kremlin teenoor die eie mense. Nie alleen is daar in die „Paradys van die Arbeiders” groot verskil tussen die loon van arbeider en arbeider nie, maar die hele Russiese rantsoeneringstelsel sowel as die sogenaamde „vrye” mark waarop die Rus sy benodigdhede kan aanskaaf is aan ernstige gebreke onderworpe. Die Russiese arbeider kan maar heel weinig van sy loon op die „vrye” mark kwyt raak en om hierdie rede het die regering sy eie swart mark as 'n staatsmonopolie waar 'n vars eier b.v. meer as vyf sjielings en 'n pond „soepvleis” byna sestig sjielings kos. Die gevolg is dat die fabriekwerker wat ongeveer tagtig sjielings per week verdien, maar heel weinig vir sy geld kan koop. Die swart mark van die staat is juis daar om te verhinder dat die arbeider geld

spaar, want om geld te spaar is 'n kapitalistiese praktyk wat onverenigbaar met die kommunistiese ideologie is.

White kom tot die gevolgtrekking dat die 180,000,000 bevolking van die Sowjet-Unie op 'n laer lewenstandaard lewe as die Amerikaners wat tydens die depressie werkloos was. Hy gaan so ver om die abnormale toestande in die verslane Frankryk van 1940 met die normale toestande van Rusland te identifiseer.

Volgens White bestaan daar in Rusland nie so iets as vrye vakunies of vrye verkiesings nie maar wel agterbuurtes, slawe- en bandiete-arbeid (daar is altyd van tien- tot vyftienmiljoen prisoniers in Rusland), 'n geweldige agterdog teenoor buitelanders en veel ellende en onreg onder die 180 miljoen mense wat onder die burokratiese tirannie van die uitsluitende Kommunistiese party met sy ongeveer 4½ miljoen lede staan.

Die artikels van White behoort vir baie salon-Bolsjewiste ontugterend te wees. Hulle openbaar in elk geval 'n gapende kloof tussen die kapitalistiese Amerika en die Bolsjewistiese Rusland, al is hulle albei bondgenote wat vir die demokrasie veg.

OP DIE VLUG

Deurdad hulle op die onafrikaanse en valse grondslag van partypolitiek staan, is die H.N.P.-leiding tans so in die hoek gejaag deur die O.B. se propaganda vir 'n egte Boere-stelsel gegrond op volksregering in teenstelling met die uitheemse Britse party-regering, dat dagblaai soos Die Burger tans weer in die stryd gewerp word teen die Volksbeweging nadat die H.N.P. vir 'n lang tyd die stryd oorgelaat het aan die snuiterblad Die Kruithoring, wat deur niemand behalwe verblinde partygangers ernstig opgeneem word nie. Na die publisering deur Die O.B. van die Transvaalse Republikeinse wet, waarin partye verbied was, het Die Burger onmiddellik gereageer met twee paniekerige hoofartikels in een uitgawe. Ondanks die feit dat die H.N.P.-leiding O.B.-lede nou wil uitskop omdat die O.B. dan ook aan verkiesings sou wil deelneem, beduie Die Burger nou dat die O.B. net met geweld aan bewind wil kom!

REISPLAN A.K.G.

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, besoek onderstaande plekke op genoemde datums:

Willowmore, 14 April.
Humandorp, 16 April.
Aberdeen, 21 April, 4 n.m.
Graaff-Reinet, 23 April.

Vergaderings tussen 16 en 20 April sal vir Port Elizabeth en omgewing gereël word.

AANDAG!

'N KAMP VAN DIE WAGAFDELING word gehou te

BRANDWAG, P.K. RHENOSTERKOP, dist. Beaufort-Wes

vanaf 11 tot 19 April 1945.

Die A.K.G., genl. J. A. Smith sal die kamp op 11 April besoek.

O.B.-offisiere (manne) moet die kamp bywoon.

Vergaderings word deur die A.K.G. op die volgende plekke en tye toegesprek:

Beaufort-Wes—12 April om 7.30 n.m.
Rietbron—13 April om 4 n.m.
Willowmore—14 April.

Alle Afrikanervriende welkom!

GOËLTOERE MET VOLKSNOOD

Hanswors Lawrence Dreig om Toorgoed In te Pak

Mnr. Harry Lawrence is 'n handhawer. Jare gelede het hy, as gevolg van sy vermommingskaskenades op Soutrievier, vir hom die reputasie van 'n hanswors verwerf. Daardie reputasie handhaaf hy nog steeds met 'n jaloerse nougesetheid. Deur middel van sy hantering van die behuisingsvraagstuk in ons land, en meer bepaald met behulp van sy jongste uitlatings oor die saak, het hierdie Harry daarin geslaag om die sirkus-karakter van ons huidige stelsel op behendige wyse te illustreer.

Harry het met sy streke in September 1943 begin, toe hy sy toeskouers, d.i. die volk van S.A., met 'n sedige bakkies meegedeel het dat hy binne 'n jaar 30,000 huise gered sal hê. Nadat die handgeklap bedaar het, het Harry in Mei 1944, met sy tong in sy kies, uitgeroep dat hy hoop om binne die volgende jaar 1,500 huise te bou. In die kille stilte wat hierop gevolg het, het Harry begin goël en in Julie 1944 het hy 'n £8 miljoen-behuisingskema vir die volgende twaalf maande uit sy hoed gehaal.

SONDER EIERS

Onder luide toejuiging het Harry sy buiging gemaak, sy hoed op sy kop gesit, en soos dit nou in Maart 1945 uitkom, na die land se munisipaliteite gestap. Aan hulle het Harry gesê: Ek het klaar gekekkel, nou moet julle die eiers lê.

Verlede week het minister Lawrence verklaar dat hy die munisipaliteite opgedra het om teen Junie vanjaar 12,000 huise voltooi te hê. „Ek twyfel of hulle by Junieaand selfs maar 1,000 sal voltooi het,” het die minister hulle verwyt.

Die hele volk is vandag agter die man se bloed aan wat verantwoordelik is vir die tekort aan huise. Stenig hom! is die kreet. Dink u dat dit vir Harry Lawrence enigsins afskrik? Moenie glo nie. Dis dan juis hy wat eerste die bloeddruk in sy neus gekry het en tans met uithang-tong die jag op die munisipaliteite lei!

Wie? Ek? vra Harry, as 'n gebede volk hom beskuldig oor die tekort

aan huise. Dis nie my skuld nie, sê Harry. Dis die munisipaliteite se skuld. En dan word Harry kwaad. Ek sal hulle ry tot by oom Daantjie in die kalwerhok. EK sal hulle maak. EK sal hulle breek! Skree Harry.

SONDER MATERIAAL

Die oorblufte munisipaliteite verklaar op hulle beurt dat Harry hulle geen permitte toegestaan het om huise te bou nie; dat hy geen materiaal beskikbaar gestel het nie; en dat hy tewens nie eers gesorg het dat genoegsame arbeidskragte beskikbaar is nie.

Terwyl minister Lawrence teen die munisipaliteite fulmineer en die munisipaliteite hulle hande in onskuld was, bly dit 'n feit dat geen huise gebou word nie en dat die huis-tekort by die dag ernstiger word.

Minister Lawrence maak van ministeriële verantwoordelijkheid 'n klug. Ja, sy hele optrede is so deursigtig en verspot, dat, was dit nie vir die erns van die saak nie, mens daarop kon skaterlag.

Paarlse Offisiere Byeen

Offisiere van die hoofkommandantskap Paarl het verlede Vrydagaand, gesellig vergader ten huise van hoofkomdt. Willie Marsh om afskeid te neem, enersyds, van komdt. De Wet Theron wat na Tulbagh vertrek en om welkom te heet, andersyds, komdt. Max Smuts, wat sy werksaamhede hervat na 'n ernstige siekbed en afwesigheid van meer as ses maande.

Genl. Pretorius en lede van sy staf het vanaf Stellenbosch oorgekom om saam met die Paarlse offisiere te verkeer.

Genl. Pretorius, hoofkomdt. Marsh. (Vervolg in volgende kolom.)

„OUDSOLDATE SAL AANSLUIT BY OSSEWABRANDWAG”

Teenstander Wat Weet se Vrees

„Dit is ons weloorwoë mening dat die belofte van fundamentele ekonomiese hervormings wat die O.B. in die vooruitsig stel, daarin sal slaag om groot getalle oudsoldate by die Beweging te laat aansluit, tensy doeltreffende teenmaatreëls getref kan word.”

Bostaande mening word uitgespreek in die memorandum wat die Springboklegioen aan die Inter-departementele Komitee insake Bestaansbeveiliging voorgelê het, soos gepubliseer in die verslag van die voorsitter van die komitee.

Die memorandum, wat belangwekkend is omdat dit opgestel is deur teenstanders van die Ossewabrandwag wat elke dag met soldate te doen het, lui o.a. as volg:

„Dit is vir die toekoms van Suid-Afrika 'n uiters belangrike vraagstuk om die vertroue van die oudsoldate te behou. Die politieke toestand in hierdie land is sodanig dat die mees doeltreffende teenstanders van die huidige Regering reaksionêre groepe is. As die Regering in gebreke bly om te voldoen aan die eise en aspirasies van die oudsoldate, mag daar 'n neiging by hierdie manne ontstaan om na die opposisie-groepe oor te gaan en hul eise deur bemiddeling van daardie groepe te stel. Hierdie organisasies is bewus van hul geleentheid en probeer munt slaan uit die regmatige griewe en eise van die oudsoldate. Dit geld veral die Ossewabrandwagbeweging. Aangesien die O.B. nie met amptelike verantwoordelijkheid belas is nie, kan hy die mees buitensporige en onverantwoordelike beloftes doen ten einde oudsoldate aan te lok. (Om die land leefbaar te maak sal daar in die oë van die kapitaliste en politici heelwat buitensporigs gedoen moet word. —Red. Die O.B.). Dit is 'n wesenlike gevaar. Aangesien ons regstreeks

Moes Tikster Kry Na Advertensie In die O.B.

Mnr. A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson, skryf dat hy jarelank al in verskillende blaaië geadvertenteer het, o.a. in landboublaaië, maar dat hy nog nooit so 'n reaksie gehad het nie as toe hy 'n klein advertensie van Friesbulletjies in Die O.B. geplaas het. Hy is so toegegooi van navora en bestellings dat hy 'n spesiale tikster moes kry om die korrespondensie af te handel. Sy advertensie moes, volgens kontrak, vir 'n paar uitgawes staande gebly het, maar aangesien sy voorraad hulle na die eerste verskyning klaar uitverkoop was, het hy die bewoording verander na 'n dankbetuiging aan sy klandisie vir die gulde ondersteuning.


(Vervolg van voorgaande kolom.)

en aanwesige kommandante en kommandantes het almal die woord gevoer. Die sprekers het met waardering getuig van die dienste wat komdt. Theron, in sy kommando, in die generaalskap en in die wyer kring van die Afrikanervolk gelewer het. Die hoofkommandantskap het hom 'n mooi vergulde adres aangebied.


Met groot blydschap en dankbaarheid oor sy herstel, het sy mede-offisiere, komdt. Smuts, die staatsmaker van Franschhoek, weer in hul midde verwelkom.

Die twee offisiere het op gepaste wyse geantwoord.

Alle dank is verskuldig aan die gasheer en sy gade vir die hartlike wyse waarop hulle die offisiere onthaal het; en tewens aan komdt. Canzies Pretorius, wat op sy gebruikelike bekwame wyse die organisering van die byeenkoms behartig het.



NEEM TOE IN
POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH2275

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

Wynburg (Wynburg) MOOREMARK (Postbus 7185) NEWTON

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silber bekere en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsiale Wynkonk.

PRYSLYS:

	Per Bottel kissies van in 12 Bottel	Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies
WYNKOORTE:		
Speslaal (Soet)	2/6	11/-
Wit Jeripigo	1/9	8/6
Rooi Jeripigo	1/9	8/6
Malmsey	1/9	8/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hock	1/7	7/6
Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie	1/6	7/-
BRANDEWYN:		
A 1	8/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
Crème de Menthe (Peppermint)	7/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—
„COCKTAIL”	4/-	—
MOSKONFYT	1/6	6/6
		(Slegs in Blikke)

GELIEWE DAAROP TE LET. Klante kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kisse van 12 bottels is. Moskonfyt egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskat.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakkeplaats-Stasie, KONTANT PLUS SPOORVRAG MOET BESTELLINGS VERGESSEL WAT OP HALTES OF BUSHALTES AFGE-LAAT MOET WORD, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel n.l. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kisse met bottels. Genoemde bedrae sal vergoed word sodra leë inhouers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag betaal na Vlakkeplaats-stasie.

WANNEER LEE INHOERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.

Bestel van

EXCELSIOR WYNMAKERY,

VLAKEPLAATS-STASIE, K.P.

Postbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



MNR. D. J. MALAN

Is 'n seun van wyle minister C. W. Malan. Opgelei in die regte aan die Universiteit van Pretoria en openbare aanklaer te Port Elizabeth tydens inhegtenisname op 12 Oktober 1942. Hy was adjutant van die generaal. Na 'n tyd in die tronk is hy op Koffiefontein geïnterneer.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat en hom nie aan die vyand uitlewer nie.”

Hoërskool

Jan van Riebeeck

£3,231

Vir u aandeel, vriend en vriendin wat gehelp het, dank ons u innig.

Geklassifiseerde Advertensies

GEBORTE

DE VILLIERS. — Met dankbaarheid van die Heer ontvang 'n fris seun op 18 Maart. Ons opregte dank aan die distrikverpleegster. — Koes en Anna (Gerrits), Brandwag, Kullrivier.

KLEYNHANS. — Aan Jeugkommandant en mev. Frikkie Kleynhans (vroeger Jagersfontein) 'n tweeling, seun en 'n dogter (doodgebore) die 20ste Maart 1945.

VERLIESING

KURSUS in Huishoudkunde. — Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Klerie Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

MARINCOWITZ-JOUBERT. — Hiermee maak ons, Frances (Babie), jongste dogter van Mnr. en Mev. C. W. Joubert, Rhosstraat, Bellville, en Annis (Takkie) oudste seun van Mnr. en Mev. O. Marincowitz, Rondawel, Prins Albert, aan familie en vriende bekend dat ons op 17 Maart verloof geraak het.

HUWELIK

LAURIE-VAN RENSBURG. — Getroud op 31 Maart 1945, Christien van Rensburg, oudste dogter van Ds. en Mev. I. W. J. van Rensburg, van Ventersburg en Harry, enigste seun van Ds. en Mev. D. P. Laurie van Van Rhynsdorp.

DANKBETUIGING

Ons hartlike dank aan die O.B.-vriende vir belangstelling by die afsterwe van my Eggenoot en ons Vader. — Brandwag M. Brink en Kinders, Stellenbosch.

IN MEMORIAM

DE BEER. — Ons dink met tere hede en innige verlange aan die 3de Febr. 1945 toe ons plotseling vir ewig afskeid moes neem van ons dierbare en lieue Oupa en Vader Arnoldus Siffians, in die ouderdom van 66 jaar, 3 maande en 24 dae.

Pappie lief, ons mis die glimlag in die blou ou oë.
U plek is leeg, u stem is stil.
Ons sal swyg, o Heer, dit was u wil.
Ons dink ook weer met verlange terug aan die 21ste Junie 1937, toe ou Wallie en 10de Maart 1942 toe ou Nollie, beide broers, u vooruitgegaan het. Geliefdes, rus in vrede, ons sal binnekort by u vir ewig wees. — Die bedroefde Kinders, Broer en Suster, Henry, Martha (Van der Hoven), Kleinkinders, Micky, Martha en Elizabeth.

LOSIES VERLANG

JONG, kinderlose egpaar soek kamer te Pretoria. Ongemeubileerd by voorkeur. Albei studeer. Telegrafer: Pastorie, Springbok, K.P. Koste sal vergoed word.

PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotografe nie! Kunstwerk van eerste klas gehalte, wereldbekend. Portrette, Paspoort- en Licensiefoto's. Barbleangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadnaal, Johannesburg. Foon 33-6756.

BOERE ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u woi aan mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth. Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van der Waal, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.

BOEKHERSTELWERK. — Familie-Bybels, gesang-, eerste- en enige ander boeke wat stukkend is, sal ons vir u nuut maak. — Vertaal-buro, Stellenbosch, Posbus 180, Stellenbosch. Foon 486.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgeien van hoe ernstig dit is en of dit tot hertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrekk volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heerskundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1326, Kaapstad.

ONDERSTEUN 'n Afrikaersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle soort benodigdhede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.

POPULERE RESTAURANT, Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

PREMIER EIENDOMS AGENTSAP EN AFSLAERS
611—612 Groote Kerkgebou — Kaapstad
Foon 2-5970.
Onderneem die verkoop van ENIGE Eiendoms, Los Goedere en Lewende Hawe per private onderhandelinge of publieke veiling, enige plek in die Kaapprovinsie.
P. H. OLIVIER — MAKELAAR.
J. DE WAAL HENNIG — AFSLAER.

WESTMINSTER - HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier, vir snelle, higiëniese en pukk behandeling. Tabak, sigarette en toiletbenodigdhede in voorraad. — Kerkstraat 6. Foon 2-4831.

BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

HERSTELWERK

HOEDE. — Vir kleur en herstelwerk bring u hoede na Sylvia Thomas, Henrystraat 130, Bloemfontein. Bestellings kan per pos gedoen word.

BETREKING VAKANT

DRINGEND BENODIG: Jong Afrikaner (nie jonger dan 20 jaar) as blokmak in klein plattelandse slagtery. Vorige ondervinding sal 'n aanbeveling wees, maar is nie noodsaaklik nie. Vernaamste vereistes: Eerlikheid en gewilligheid. Meld salaris verlang, asook wanneer dienste aanvaar kan word. Skryf in die eerste plaas aan „Slagter“, Bus 70, Springbok.

DADELIK BENODIG: 'n Banketbakker met kennis van versierwerk, asook van ander groot en klein koekies; vir 'n plattelandse dorp, 45 myl van Kaapstad. Salaris £7 per week. Skryf aan: XYZ, Posbus 1411, Kaapstad.

TE KOOP

AANDAG BRANDWAGTE. Die O.B. Soutwerke bied aan: A1, 50/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. Adres: Venter en Du Plooy, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

DEKRIET. — Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.

ERSTERKLAS UIESAAD. Vroë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-; Spaanse Bruin, 6/-; Kaapse Strooi, 6/-; Alles per pd. Gert van Rooyen, Bus 41, Unifonale.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beetsaad 10/-; Australiese Bruin Uiesaad 6/-; Almal per pd. 2/- duurder op halfpound. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. — Premier Saadivklers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HEERLIKE vars gesonde tafellartappels teen 28/6 per sak van 153 pond. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Tevredenheid gewaarborg. S. W. Rabie, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.

MAAK u bye-boerdery lonend deur wetenskaplik-geboorde korwe te gebruik. Beskut teen weer en wind met sement-asbesbedekking. Volledige stel £4-10-0. Spesiale afslag vir 5 of meer. Alle toebehoorssels verkrygbaar op aanvraag. Bestel van: F. J. du Plooy, Posbus 9079, Johannesburg.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-6194.

ONS bied aan Gesifte Karamis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen gelliek en haardwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

RAMME. — Gladde lyf, oop gesigte, veld-gegroeië Wanganella-ramme, 5 maande hoë kwaliteit lang wol. Vier- en ses-tand, £3 elk. — A. L. Bekker, Kilphewels, Steynsburg.

SWART WATTEL geharde Droppers, 5 vt. x 1 tot 2½ dm. dik op dun punt £4 per 1000. Pale, 3 tot 7 dm. op dun punt, 6 vt. lank, 1/- per paal. Alles K.M.B. en V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. Maritz, Lothair.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, sepietse tenks, pilaars, vloortels, voertroe. Enigste in beton. Direkteur: P. W. en P. G. van Heerden, Potgietersstraat 258, Pretoria.

20,000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorps, teen £6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroei van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teelstelling te voorkom, van: H. R. Malan, Weltevrede Pluimveeplaas, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

WYNE

5 GELLING Muskadel-Heur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 Gelling Roof of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hoek, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnevale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnevale, K.P.

TE KOOP GEVRA

VARKE, teen beste heersende pryse. Tree in verbinding met D. F. du Plessis, Alexanderstraat 28, Paarl. Foon 11.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesiastika-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

VERJAARDAGKETING

5 APRIL: Susanna Nel, Kirkwood; Elise Schoeman, Pearston; Roelof Coertze, Stellenbosch; Irmgard Annas, Woodstock; Katerina Smit, Durbanville; Maria Cronjé, Groot Brakrivier; Estie Burger, Montagu; Stephanus van Emmenis, Potgietersrust; U. S. Smit, Rustenburg.

6 APRIL: Renier Basson, Wellington; Magdalena Vlok, Loxton; Deon Snyman, Fraserburg-Weg; Hendrik Joubert, Vlothenberg; Matilda Cloete, Zeerust; Susanna Kotzé, Vaalkop.

7 APRIL: Alexis Heyns, Humansdorp; J. Krohn, Thervlei; Joan Brand, Bellville; Johanna Coetzee, Bosbokrand; Phillip Pretorius, Koedoeskop.

8 APRIL: Marie Meyer, George; Mercia Meyer, George; G. Oosthuizen, Stellenbosch; Helene Jonker, Stellenbosch; Catherina Liebenberg, Lambrechtsdriif; Hennie Durr, Malmesbury; Jan Jacobs, Port Elizabeth; Jan Slippers, Aughrabies; Catherina Byleveld, Aughrabies.

9 APRIL: Maureen Ungerer, Kirkwood; Josef le Roux, Franschoek; Susara Myburgh, Aughrabies; Stephanus Maritz, Claremont; Louisa Loubser, Stellenbosch; S. v. Wyk, Makoppa; Martina Enslin, Dwarsspruit; Talana le Roux, Cloccolan.

10 APRIL: Jacobus Snyders, Lambrechtsdriif; W. Nel, Somerset Oos; S. Nel, Somerset Oos; Jan Visser, Nababeep; Margaret Viljoen, Goudini; Nicolaas Smit, Bosbokrand.

11 APRIL: Hester Bergh, Aughrabies; Phillip Minnaar, Southfield; Bettie Venter, Oos-Londen; Nicolaas Loubser, Wynberg; Susanna van Eck, Port Elizabeth; A. Barnard, Groot Brakrivier; Samuel Meiring, Bamagallieskraal; Smartryk de Kock, Bethlehem.

VRYHEIDSDAG HERDENK

LIBERTAS

Die twee kommando's C6b6 en C6b1 het op die plaas Gwarriekop, distrik Senekal, saamgetrek.

Vanaf drie-uur die middag het ons almal gesellig saamgekom en verversings is verkoop. Heerlike braaivleis en sosaties het deel van die aandete uitgemaak.

Die program is volgens plan uitgevoer en as spreker het opgetree genl. P. Hendrikz van Marquard. Laasgenoemde het kort maar bondig die Brandwagte aangemoedig om pal te staan by die Ossewabrandwag.—(Ingestuur).

LYDENBURG

Net soos in die verlede is daar waar 'n geslaagde Amajubafees gehou op die plaas Rooddraai, dst. Lydenburg, waar kommandant Willie de Bruin woonagtig is. Die feesviering was indrukwekkend en baie gesellig en alles het vlot van stapel geloop, met die gevolg dat die mooi bedrag van ongeveer £60 geïn is.

Hoofkommandant Rautenbach het oorgekom van Pretoria om die verrigtings by te woon en het 'n uiters inspirerende rede gehou voordat die kampvuur om 9-uur aangesteek is.

Die Boereliedere wat kort kort aangehef was deur die jeug het baie bygedra tot die goeie stemming. Smaaklike geregte is deur die vroue verskaf.—(Ingestuur).

GRIKWALAND-OOS

Grikwaland-Oos het op 27 Feb. weereens laer getrek op die plaas van mnr. S. de Kock. Deur siekte verhinder, kon die spreker nie opdaag nie.

Nadat kdt. J. A. Coetser die verrigtinge geopen het — het kdt. F. M. Coetzer 'n deursig gegee van die werk gedaan deur die O.B. in G.-O. in die afgelope 5 jaar.

Ass.-veldknte. Lourens van Kokstad het £14-2-0 ingehandig. Cedarville-Veldkornetskap (vroue) het £20 ingesamel. Die mans het baie ywerig gewerk, sodat altesaam £92 ingesamel is. Die Boerejeug se bydrae was £3.

Ons het tweemaal soveel as verlede jaar ingesamel en is nog besig om die bedrag tot £100 op te skuif.

Ds. De Swardt het die aand die diens waargeneem.

Ons het weer ondervind dat die gees van die O.B. nooit onder ons sal gedooft word nie.—(Ingestuur).

BOLAND BOTTELSTOOR

HOOFSTRAAT 73

P A A R L

Foon 984

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE

Posbus 660
JOHANNESBURG

ROSE is skaars, maar „HERHOLDT" se keurige versamelings bestaande uit wêreldberoemde soorte in pragvolle kleursakerings, verwesenlik die drome van u verwagtings.

Vrugtebome en Wingerdstokke wat groei, dra en tevrede stel. Bestel nou en voorkom teleurstelling.

Pryslyste vry op aanvraag.

G. A. FICHARDT, Beperk

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

MASJINERIE, YSTERWARE,

PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700

Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

MARKAGENTSAP

VROË MOER-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

W. V O I G T (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERSU SAL DIE SNIT
EN STYLE WAARDEER

Steyns

DIE DAMESWINKEL
PAROW

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT
MEUBELS IN VOORRAAD.Werda Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210.

Foon 2-8806.

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK

VIR ALLES

SONOP

BLOEMFONTEIN

DIE WINKEL
MET 'N IDEAAAL